basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## 2019

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **DIE DAG TOE EK 'N PRYS GEWEN HET**

Jy het vir 'n kompetisie ingeskryf en is as die wenner aangewys.

Skryf 'n opstel en vertel van die kompetisie en die prys wat jy gewen het.

Dink aan die volgende:

- Vir watter kompetisie het jy ingeskryf?
- Wat het jy gedoen om hierdie kompetisie te wen?
- Watter prys het jy gewen? **[40]**

1.2 **MY HUIS IS DIE BESTE PLEK**

Vir die meeste mense is hulle huis die beste plek.

Skryf 'n **opstel** en vertel van jou huis wat vir jou die beste plek is.

Dink aan die volgende:

- Hoekom is jou huis vir jou belangrik?
- Hoe lyk jou huis, waar is dit en wie deel die huis met jou?
- Waarom jy dink ander mense se huise is nie so lekker soos joune nie? **[40]**

1.3 **DIE MUSIEK WAARVAN EK HOU**

Daar is min mense wat nie van musiek hou nie, maar elkeen het musiek wat vir hom/haar spesiaal is.

Skryf 'n **opstel** en vertel van daardie musiek wat vir jou spesiaal is.

Dink aan die volgende:

- Watter verskillende tipes musiek is daar?
- Van watter tipe musiek hou jy die meeste?
- Hoekom luister jy na hierdie tipe musiek? **[40]**

1.4 **DAARDIE DAG WAS EK BAIE TROTS OP MYSELF**

Dit is belangrik dat 'n mens goed oor jouself voel of trots *(proud)* op jouself is.

Skryf 'n **opstel** en vertel waarom jy daardie dag trots op jouself was.

Dink aan die volgende:

- Hoe het jy in die verlede oor jouself gevoel?
- Wat het gebeur dat jy verander het?
- Hoe trots is jy nou, ná die gebeure, op jouself? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit www.kenko-seikatu.info] **[40]**

1.5.2



[Uit www.wordpress.com] **[40]**

1.5.3



[Uit www.the newecologist.co.za] **[40]**

1.5.4



[Uit www.google.com]

[40]

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou maat het graad 12 gedruip en is baie ongelukkig daaroor.

Skryf 'n **brief** aan jou maat om hom/haar te ondersteun (*support*) en moed in te praat.

Dink aan die volgende:

- Hoe voel jy oor jou maat se situasie?
- Wat kan jy sê om jou maat moed te gee om aan te hou?
- Wat kan jy doen om jou maat te ondersteun? **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

Daar gebeur baie motorongelukke in die straat waarin jy bly, omdat motoriste te vinnig ry.

Skryf 'n **formele brief** aan die hoof van die Verkeersdepartement, me. Naidoo, waarin jy haar hiervan vertel en haar hulp vra.

Gebruik die volgende adres:

Die Verkeershoof
Posbus 1872
Durban
0033

Dink aan die volgende:

- Wat is die doel van die brief?
- Wat dink jy is die rede(s) vir die baie motorongelukke wat in jou straat plaasvind?
- Op watter maniere kan die verkeershoof help?

**[20]**

2.3 **DIALOOG**




[Uit www.wikihow.com]

Daar het 'n ongeluk voor jou huis plaasgevind. Jy het vir suster Dudu by die kliniek gebel om 'n ambulans te stuur om die beseerde mense te kom haal.

Skryf die **gesprek** tussen jou en suster Dudu neer.

Begin die gesprek só:

| | |
|---|---|
| Suster Dudu: | Goeiedag. Kan ek help? |
| Ek: | Daar was 'n groot ongeluk voor my huis.<br>Stuur asseblief dadelik 'n ambulans. |
| Suster Dudu: | ... |
| Ek: | ... |

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **INFORMELE VERSLAG**

Jy het ekstra klasse bygewoon om jou te help om beter te doen in die graad 12-eksamen.

Die mense wat die klasse aangebied het, het vir jou gevra om 'n verslag te skryf oor hoe die ekstra klasse jou gehelp het.

Skryf die **verslag**.

Dink aan die volgende:

- Watter ekstra klasse is aangebied en waar en wanneer is dit aangebied?
- Hoe goed was die fasiliteite *(facilities)* en die mense wat die klasse aangebied het?
- Was hierdie klasse al die moeite *(effort)* en geld werd? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **ADVERTENSIE**

Jou ma het 'n besigheid wat tradisionele juwele verkoop.

Skryf 'n **advertensie** om jou ma se besigheid te adverteer.

Dink aan die volgende:


- Watter inligting moet in die advertensie verskyn?
- Hoe moet die formaat van die advertensie wees?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **POSKAART**

Jy het saam met jou skool op 'n toer na 'n ander dorp/stad gegaan. Jy het 'n **poskaart** gekoop om vir jou ouers te stuur. In die poskaart vertel jy van een of twee van die interessante dinge wat jy in hierdie stad/dorp gesien het en hoe jy daaroor gevoel het.

Teken die agterkant van die poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor.




**LET WEL:** Onthou om jou ma/pa se adres op die poskaart te skryf. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou motor is vuil, maar jy het nie tyd om jou motor skoon te maak nie. Jy vra jou vriend om jou motor skoon te maak.

Skryf **instruksies** in volsinne en puntsgewys neer vir jou vriend oor hoe 'n mens 'n motor skoonmaak.

Voorbeeld:

1. Tap water in 'n emmer.
2. ...
3. ...

.. ...
.. ... **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**